## WERKWOORDE

(Sien bl. 27 vir omskrywing.)

(a) **Betekenis**

Kyk na die volgende sinne:

Die kat **slaap** op die stoel.
Die man **rus** onder die boom.
Die kind **hardloop** skool toe.
Die perd **skop** die seun.
Die skape **vrek** van droogte.
Die slang **vervel.**
Ons **verag** sulke mense.
Jan **is** siek.

Die vetgedrukte woorde, soos ons kan opmerk, vertel wat daar gedoen word of hoe daar gehandel word. Sulke woorde noem ons Werkwoorde. Party werkwoorde (bv. **hardloop** en **skop**) dui 'n handeling aan. Sommige (bv. **slaap** en **rus**) druk 'n veranderlike toestand uit. **Vrek** en **vervel** beskryf 'n verandering van toestand, maar 'n woordjie soos **verag**, en baie ander soos bv. **behaag, waarborg, regverdig,** ens., dui 'n geestelike werksaamheid aan. Let ook op die woordjie **is** wat vroeër 'n toestand uitgedruk het, maar nou verbleek het tot 'n bindwoord en tog die vorme van 'n werkwoord behou het.

**Let wel:**

Werkwoorde speel 'n baie belangrike rol in die sin. Dikwels kry ons enkelvoudige sinne wat net uit 'n enkele werkwoord bestaan, bv.

**Hardloop**!
**Skiet**!
**Vang**!

Maar nou moet ons nie gaan dink dat elke sin noodwendig 'n werkwoord **moet** hê nie. 'n Sin kan baie maklik **sonder** 'n werkwoord klaarkom. Die lewende taalgebruik leer ons dat ons elke dag sodanige sinnetjies sonder werkwoorde

gebruik. As ons op die definisie van 'n sin let, sal die saak vir ons duideliker word.

Wat is 'n sin? Ons kan 'n sin beskryf as die kleinste klankverbinding wat onder die praat as selfstandige mededeling diensdoen. As ek jou vra: „Hoe laat het jy vanmore opgestaan?" en jy antwoord: „Om sewe-uur", dan is jou antwoord tog 'n sin, nie waar nie? want „om sewe-uur" is 'n selfstandige mededeling, d.w.s. dit is 'n mededeling wat op sigself heeltemal volledig is. Geen ander woorde is nodig om dit te voltooi nie. Op hierdie manier kan ons baie ander antwoorde op vrae en uitroepe kry wat sinne is, bv.

| | |
|---|---|
| **Nee!** | **Vanaand.** |
| **Pragtig!** | **Eina!** |
| **Goed so!** | **Ja, miskien.** |
| **Jan!** | **Onder die tafel.** |

Daar is mense wat meen dat elke sin wel 'n werkwoord het, al word dit nie saam met die ander woorde uitgespreek of neergeskryf nie. Hulle sê sulke werkwoorde word „verswyg". Dit is natuurlik nie waar nie.

Wat ons miskien in sommige gevalle **kan** sê, is dat dáár op die geestelike agtergrond (d.w.s. agter in jou gedagte) 'n werkwoord is. As ek vir jou vra: „Gaan jy vanaand bioskooptoe?" en jy antwoord: „Nee", dan is dit miskien moontlik dat daar in jou gees 'n vae gevoel of bewussyn van 'n werkwoord „gaan" aanwesig is; maar dit is nie noodwendig altyd die geval nie. As jy halfbewus aan so'n woord dink, kan ons in hierdie geval sê dat daar 'n werkwoord op die geestelike agtergrond is, maar dit is natuurlik nie 'n algemene reël nie.

Kyk na die volgende voorbeelde: 'n Vriend verrig 'n uiters moeilike taak en ek roep uit: „Ryperd!" of „Wonderlik!" of „Alla Wêreld!" Hier word blote gevoelens meegedeel, nie handelinge nie; daarom is werkwoorde onnodig. Maar wat nog belangriker is: hier kan jy my nie sê watter spesifieke werkwoord daar in my gees teenwoordig was toe ek die mededelings gemaak het nie. Omdat ek mededelings gedoen het, is die woorde wat ek gesê het, sinne, maar dis sinne sonder werkwoorde — en ook sonder versweë werkwoorde.

## Soorte Werkwoorde

Dit is onnodig vir ons om diep op die saak in te gaan, maar ons moet darem aantoon dat daar verskillende soorte werkwoorde onderskei kan word.

### A. Selfstandige Werkwoorde

Kyk na die volgende sinne:

Die seun **lees** uit sy boek.
Die man **maak** die deur **toe**.
Die boer **brandmerk** sy beeste.
Dit **ryp** kwaai hier.
Dit **lyk** lelik.
Die man **bekommer** hom daaroor.
Ek **skaam** my vir jou.

Die vetgedrukte woorde hierbo is almal werkwoorde. Hulle is almal ook selfstandig, d.w.s. hulle kan alleen staan, en al wat nodig is om die betekenis te voltooi, is in party gevalle, 'n voorwerp. Om hierdie rede noem ons hulle **Selfstandige werkwoorde.**

**Let wel:**

(i) Wanneer die handeling oorgaan van die onderwerp op die voorwerp, d.w.s. wanneer die werkwoord 'n voorwerp neem, soos bv. in:

Jan skryf **'n brief,**
Die outa kap **hout,**

dan is die werkwoord oorganklik. Alle werkwoorde wat 'n voorwerp neem, noem ons dus **Oorganklike Werkwoorde.**

(ii) Wanneer die handeling tot die onderwerp beperk bly, d.w.s. wanneer die werkwoord geen voorwerp neem nie, soos bv. in:

Die wind waai;
Die seuntjie val;
Die seun skop;
Die man kap;

dan is die werkwoord onoorganklik. Alle werkwoorde wat nie 'n voorwerp neem nie, noem ons **Onoorganklike Werkwoorde.**

(iii) Wanneer die onderwerp geen besondere persoon of oorsaak of ding aandui nie, d.w.s. dikwels wanneer die onderwerp **DIT** is, word die werkwoord onpersoonlik gebruik, bv.

DIT **hael** en **blits**.
DIT **ryp** in die Transvaal.
DIT gaan taamlik goed.
DIS (DIT + **IS**) onnodig.
DIT **word** koud.

Wanneer werkwoorde op hierdie manier gebruik word, noem ons hulle **Onpersoonlike Werkwoorde.**

(iv) Wanneer die handeling tot die onderwerp self terugkeer, d.w.s. wanneer die onderwerp en die voorwerp een en dieselfde persoon of ding aandui, is die werkwoord wederkerend, bv.

| | |
|---|---|
| **bekommer:** | *Hy* bekommer *hom* oor die saak. |
| **bemoei:** | *Sy* bemoei *haar* daarmee. |
| **beroep:** | *Ek* beroep *my* op jou. |
| **haas:** | *Jan* haas *hom.* |
| **herinner:** | *Ek* herinner *my.* |
| **skaam:** | *Hulle* skaam *hulle* nie. |
| **verbeel:** | *Ons* verbeel *ons* dit nie. |
| **vergis:** | *Jy* vergis *jou.* |
| **verspreek:** | Die *man* verspreek *hom.* |
| **verwonder:** | *Die dame* verwonder *haar* daaroor |

Sulke werkwoorde noem ons **Wederkerende Werkwoorde.**

Ons kan twee soorte wederkerende werkwoorde onderskei:

(a) **Toevallig-wederkerend:**

By hierdie soort wederkerende werkwoorde hoef die onderwerp en voorwerp nie noodwendig dieselfde persoon of ding aan te dui nie, m.a.w. die werkwoorde kan òf as wederkerende òf as gewone oorganklike (transitiewe) werkwoorde gebruik word. Vergelyk die volgende:

| **Toevallig-wederkerend** | **Oorganklik** |
|---|---|
| Jy kul jou. | Jy kul dié man. |
| Hy was hom. | Hy was dié kind. |
| Ek verbeter my. | Ek verbeter die foute. |
| Julle oorwerk julle. | Julle oorwerk die osse. |

(b) **Noodsaaklik-wederkerend:**

By hierdie soort wederkerende werkwoorde dui die onderwerp en voorwerp altyd dieselfde persoon aan, m.a.w. die werkwoord is altyd wederkerend. Voorbeelde van hierdie tipe is reeds hier bo aangegee, nl. **bekommer, bemoei, beroep,** ens.

Hier volg nog 'n paar:

| | | |
|---|---|---|
| **verheug** | **verkyk** | **verlustig** |
| **verstom** | **begewe** | **bevind** |
| **geneer** | **misgis** | **ontferm** |
| **verstout** | **beroem** | **beywer** |
| **aanmatig** | **steur** | **vererg** |
| **bedink** | **gevoel** | **gedra** |

(v) Wanneer die handeling oorgaan van die onderwerp op die voorwerp en weer terugkeer van die voorwerp na die onderwerp, is die werkwoord wederkerig, bv.

Hulle skop mekaar.
Hulle help die een die ander.

Sulke werkwoorde noem ons **Wederkerige Werkwoorde.**

## B. Hulpwerkwoorde

Kyk na hierdie sinne:

Die seun **het** gehardloop.
Jan **is** deur sy vader geslaan.
Toe ek daar kom, **was** die koeie al gemelk.
Ons **sal** die land more ploeg.
Wanneer **sou** hulle gaan?
Hy **kan** dit nie doen nie.
Hierdie mes **wil** maar nie sny nie.
Jy **moet** dit seker moeilik gevind het.

**Mag** ek tog die beurs behaal.
**Laat** ons maar liewer stilbly.
Die hout **word** gekap.

Die vetgedrukte woorde is werkwoorde, maar as ons in elke sin tot by die vetgedrukte werkwoord lees, merk ons dadelik dat die mededeling nie voltooi is nie. Hierdie werkwoorde is dus nie selfstandig nie: hulle help ander werkwoorde om iets omtrent die handeling te sê. Hierdie soort werkwoorde noem ons **Hulpwerkwoorde.**

## Soorte hulpwerkwoorde

(a) **Hulpwerkwoorde van tyd:**

Hierdie soort hulpwerkwoorde help om die tyd van die handeling uit te druk:

**Het** en **was** (in die bedrywende vorm), en **is** en **was** (in die lydende vorm) dui aan dat die handeling afgeloop is, bv.

Jan **het** geskiet.
Ek **was** daar gewees.
Die bok **is** geskiet.
Die bok **was** gister al geskiet.

**Sal** en **sou** dui aan dat die handeling nog moet of moes plaasvind, bv.

Ek **sal** netnou terugkom.
Hy het gesê dat hy my **sou** help.

**Word** (lydende vorm) dui aan dat die handeling nog nie voltooi is nie, bv.

Die seun **word** geslaan.

(b) **Hulpwerkwoorde van Modaliteit:**

Hierdie soort hulpwerkwoorde help om die moontlikheid, waarskynlikheid, wenslikheid, ens. van die handeling uit te druk, bv.

**kan:** Jan kan nou enige tyd kom. (moontlik)
**mag:** Mag dit hom geluk! (wenslik)
**moet:** Hy **moet** 'n snaakse vent wees. (byna seker)
**sal:** Hy **sal** wel weet wat om te doen. (waarskynlik—uitgedruk met behulp van **wel**)
**wil:** Ek **wil** ook hoor wat hy sê. (begeerte)
**laat:** **Laat** hom maak soos hy lus kry. (wenslik)

**Let op:**

(i) Bostaande hulpwerkwoorde kan ook as selfstandige werkwoorde gebruik word, bv.

Ek laat dit by jou.
Hy kan (moet, sal, wil, mag).

(ii) Die koppelwerkwoorde **blyk, heet, lyk** en **skyn** kan ook as modale hulpwerkwoorde fungeer. (Sien koppelwerkwoorde)

(iii) Die betekenis van selfstandige werkwoorde kan in verbinding met 'n infinitief soseer verbleek dat hulle as hulpwerkwoorde diens doen. Vergelyk die volgende:

| **Selfstandig** | **Modaal** |
|---|---|
| Dit behoort aan my. | Jy **behoort** die werk te doen. |
| Hy dien sy werkgewer. | Jy **dien** versigtig te wees. |
| Jy durf baie. | As ek iets **durf** sê, wil ek daarop wys dat. . . . |
| Hy meen wat hy sê. | Hy **meen** te weet hoe dit gebeur het. |
| Hy val op die grond. | Dit **val** te begrype dat ek nie so-iets mag doen nie. |

(c) **Hulpwerkwoorde van vorm:**

Hierdie soort hulpwerkwoorde dra 'n tweeledige karakter. Enersyds help hulle om die tyd van die handeling te kenne te gee; andersyds help hulle om aan te toon dat 'n ding die handeling ondergaan, d.w.s. hulle help om die vorm van die handeling (d.i. die lydende vorm) uit te druk, bv.

Die koeie **word** gemelk. (onvoltooide handeling)
Die koeie **is** gemelk. (voltooide handeling)
Die koeie **was** al gemelk toe ek daar aankom. (voltooide handeling: volt. verl. tyd)

## C. **Koppelwerkwoorde**

Kyk na die volgende sinne:

Die man **is** op stryk.
Die seun **word** 'n dokter.
Die kaffertjie **bly** siek.
Jan **lyk** weer gesond.
Die kêrel **heet** Koos.
Hy **kom** my baie vriendelik **voor**.

Die vetgedrukte woorde hierbo druk toestande uit. Die begrip van 'n toestand of verandering van toestand het soseer verbleek dat hulle veral gevoel word as 'n skakel tussen twee ander woorde. Hierdie soort werkwoorde noem ons **Koppelwerkwoorde.**

**Let op:**

(i) Kyk na die volgende sinne:

Die man **blyk** siek te wees.
Jan **heet** begaafd te wees.
Die berg **lyk** steil te wees.
Die meisie **skyn** treurig te wees.

Die vetgedrukte woorde is eintlik hulpwerkwoorde. Die koppelwerkwoord is „te wees". Hierdie soort werkwoorde druk modaliteit uit en kan dus **Modale Hulpwerkwoorde** genoem word.

(ii) Al die bostaande koppelwerkwoorde (behalwe „lyk") kan as selfstandige werkwoorde gebruik word. Vergelyk die volgende:

| **As koppelwerkwoord gebruik:** | **As selfstandige ww. gebruik:** |
|---|---|
| Hy **is** in die war. | Daar **is** so'n woord. |
| Hy **word** predikant. | Wat nie is nie, kan nog **word.** |
| Sy **skyn** bekommerd. | Die son **skyn.** |
| Hy **bly** siek. | Ons **bly** vanaand in die dorp. |
| { Hy **heet** Klaas.<br>{ Hy **hiet (heet)** na sy pa. | Hy laat hom nie **hiet (heet)** en gebied nie. |
| Dit **klink** interessant. | Die glase **klink** teen mekaar. |

(b) **Fleksie**

### 1. PERSOON

In Afrikaans sê ons:

1e Persoon: Ek **hardloop**
2e Persoon: Jy, u **hardloop**
3e Persoon: Hy, sy **hardloop**

Die werkwoord **hardloop** verander glad nie van vorm nie. In die Afrikaanse taal vind ons ook nie 'n enkele werkwoord wat in een of ander persoon verander nie. **Die werkwoord in Afrikaans word dus nie verbuig om persoonsverskille aan te dui nie.**

### 2. GETAL

In Afrikaans sê ons:

Ons **hardloop**
Jullë, u **hardloop**
Hulle **hardloop**

Die werkwoord **hardloop** verander nie in die meervoud nie. Dit is die geval met alle werkwoorde in Afrikaans: in beide enkelvoud en meervoud behou hulle dieselfde vorm. **Werkwoorde word dus nie verbuig om getal aan te toon nie.**

### 3. SAAMGESTELDE WERKWOORDE

Saamgestelde werkwoorde bestaan gewoonlik uit twee (soms drie) aparte woorde wat as 'n eenheid gevoel en soms aanmekaar geskryf word.

Kyk na die volgende sinne:

**kwaadmaak:** Jan **maak** my **kwaad**.
Jan het my **kwaadgemaak**.
As jy my **kwaadmaak**, slaan ek jou.
Hy sal (wil, kan, ens.) my **kwaadmaak**.

**mishandel:** Hy **mishandel** sy esels.
Hy het sy esels **mishandel**.
As jy jou diere **mishandel**, doen jy sonde.
Hy sal (kan, wil, ens.) sy diere **mishandel**

**rangskik:** Sy **rangskik** die blomme.
Sy het die blomme **gerangskik**.
Sy is besig, omdat sy die blomme **rangskik**.
Sy sal (wil, kan, ens.) die blomme **rangskik**.

Wat kan ons opmerk?

Daar is verskillende soorte saamgestelde werkwoorde. Ons kan die volgende drie soorte onderskei:

(a) **Skeidbaar saamgestelde werkwoorde.**

By hierdie soort moet ons op die volgende let:

(i) Die klem val op die eerste deel, bv.
**deur**ry; **los**maak; **stil**hou.

(ii) Die verlede deelwoord kry **-GE-** tussen die twee dele, bv.
deur**ge**ry; los**ge**maak; stil**ge**hou.

(iii) Die twee dele word omgeruil en apart geskryf in die teenwoordige tyd, bv.
**deurry:** Die man **ry** vinnig **deur**.
**losmaak:** Jan **maak** die draad **los**.
**stilhou:** Hy **hou** voor die deur **stil**.

(iv) Die werkwoord word aaneengeskryf wanneer dit saam met hulpwerkwoorde gebruik word, bv.
**losmaak:** Ek sal die draad **losmaak**.
Hy wil die perd **losmaak**.
Die man kon die draad **losmaak**

(v) Die werkwoord word aaneengeskryf wanneer dit in bysinne in die teenwoordige tyd gebruik word, bv.
Hy sê dat hy die draad **losmaak**.
Ek sal kwaad wees as jy die draad **losmaak**.
Ek het gewag terwyl hy die draad **losmaak**.

(b) **Onskeidbaar saamgestelde werkwoorde.** By hierdie soort werkwoorde moet ons op die volgende let:

(i) Die klem val byna altyd op die laaste deel, bv.
weer**kaats**; om**ring**; mis**handel**.
**maar: uit**oorlê

(ii) Die verlede deelwoord kry NIE 'n **ge-** nie, bv.
Die water het die bome **weerkaats.**
Die troepe het die vyand **omring.**
Hy het sy trekdiere **mishandel.**

(iii) Die twee dele word NOOIT apart gesê of geskryf nie, bv.
Die water **weerkaats** die bome.
Die troepe sal die vyand **omring.**
As jy die diere **mishandel**, is dit 'n sonde

(c) **Onskeidbaar saamgestelde werkwoorde waarvan die verlede deelwoorde GE- vooraan neem.**

Hierdie groepie is maar baie klein. Die meeste van hulle word òf nie meer as saamgestelde werkwoorde gevoel nie, òf is werkwoorde wat van s.nwe. afgelei is. By hierdie soort moet ons op die volgende let:

(i) Die klem val op die eerste deel, bv.
**raad**pleeg; **waar**sku; **glim**lag

(ii) Die verlede deelwoord kry 'n **GE-** vooraan die stam, bv.
Ek het die dokter **geraadpleeg.**;
Hy het die seun **gewaarsku.**
Die man het **geglimlag.**

(iii) Die twee dele word NOOIT apart gesê of geskryf nie, bv.
Die man **raadpleeg** die dokter.
Jy moet die kêrel **waarsku.**
Hy sal kwaad wees as jy daaroor **glimlag.**

**Let wel:**

**Werkwoorde skeidbaar sowel as onskeidbaar saamgestel.**

Kyk na die volgende sinne:

**onderhou:** Die seun **onderhou** sy moeder.
**Hy hou** my kop **onder** sodat ek water moet sluk.

**oordryf:** Hy het kwaai **oordryf** toe hy daarvan vertel het.
Die bootjie het na die anderkant van die meertjie **oorgedryf.**

**deurdring:** Die soldate het **deurgedring** tot ver agter die vyand se linies.
Die kamer is **deurdring** van die geur van die rose.

**voorspel:** Ek **spel** die woord aan hom **voor**.
Die man **voorspel** 'n groot droogte.

Soos die voorbeelde aandui, is daar sekere werkwoorde wat met die bywoorde VOOR-, DEUR-, OOR- en ONDER- begin, wat beide skeidbaar en onskeidbaar gebruik kan word. As ons na die bostaande sinne kyk, sal ons sien dat die skeidbaar saamgestelde werkwoorde **letterlik** gebruik word, en dat die klem op die **eerste** deel val. By onskeidbaar saamgestelde werkwoorde val die klem op die **tweede** deel.

Die onskeidbaar saamgestelde werkwoord is 'n ouer laag. Die betekenis van die aparte dele het dus sterker vervaag as van die jonger samestellings. Hoewel dit **soms** figuurlik gebruik word, **hoef die onskeidbaar saamgestelde werkwoord niks figuurliks te bevat nie.** (Vergelyk **deurdring** en **deurgedring;** albei is letterlik).

Bestudeer nou die volgende paradigma waarin die vernaamste verskille tussen die twee gebruike ondergebring word:

| **Skeidbaar gebruik.** | **Onskeidbaar gebruik.** |
| --- | --- |
| 1. In die teenw. tyd word die twee dele van die samestelling geskei, bv. Ek **weeg** die mielies **oor.** | In die teenw. tyd word die twee dele van die samestelling **nie** geskei nie, bv. Ek **oorweeg** sy voorstel. |
| 2. Die verlede deelwoord kry 'n **-ge-** tussen die twee dele, bv. Ek het die mielies **oorgeweeg.** | Die verlede deelwoord kry **nie** 'n **ge** nie, bv. Ek het sy plan **oorweeg.** |
| 3. Die klem val op die eerste deel, bv. OORweeg. | Die klem val op die tweede deel, bv. oorWEEG. |

| | |
|---|---|
| 4. Die betekenis is altyd **letterlik.** | Die betekenis verskil van die skeidbaar saamgestelde werkwoord. **Soms** is die betekenis **figuurlik** (soos in die geval van oorWEEG, oorDRYF, onderHOU, ens.), maar dit is **nie** noodwendig altyd die geval nie. (Vergelyk **DEURdring** en **deurDRING.** Albei is letterlik.) |

## 4. WYS

Om die verhouding van die spreker teenoor die waarheid van die handeling aan te dui, was daar in ou sintetiese tale (soos bv. Latyn en Grieks) verskillende wysers (of maniere van voorstelling). In hierdie tale is wyse deur bepaalde vorme van die werkwoord aangetoon. (Nader besonderhede omtrent die ou wyses word later onder die hoof **modaliteit** aangegee.) Behoudens enkele reste word die aanvoegende wyse in Afrikaans egter nie meer deur vormverskille van die werkwoord uitgedruk nie.

Die volgende vorme word nog in Afrikaans gevind:

1. **AANTONENDE WYS** (Indikatief) wat die handeling as 'n werklikheid in die hede, verlede of toekoms (aktief of passief) voorstel, bv.

   Jan skiet die voël.
   Jan sal die voël skiet.
   Die voël is deur Jan geskiet.

2. **AANVOEGENDE WYS** (Konjunktief) wat die handeling as 'n onsekerheid in die hede, verlede of toekoms (aktief of passief) voorstel. Wat vorm betref, is daar maar enkele reste oor, bv.

   Dit **sy** so!
   Lank **lewe** die koning!
   U naam **worde** geheilig!
   As 't **ware**
   U wil **geskiede**!
   Dit **ga** jou goed!

3. **GEBIEDENDE WYS** (Imperatief) wat die handeling as 'n bevel, verlange, versoek of bede voorstel, bv.

Kom tog gou hiernatoe!
Staan op!
Maak dat jy hier wegkom!
Julle moet more gou maak.
Laat staan my!
Jy moet my nie bedrieg nie.

**Let op:**

Hier vind ons geen spesiale vorm nie — slegs die ontbreking van die onderwerp. As die onderwerp wel gebruik word, staan dit **na** die werkwoord.

4. **ONBEPAALDE WYS** (Infinitief).

Gewoonlik word ook nog 'n onbepaalde wys onderskei. Dis egter net die nominale vorm van die werkwoord, bv.

**Stap** is gesond.
Kinders hou van **swaai**.

## MODALITEIT:

Van ouds af was daar verskillende **modi**, d.w.s. vorme van die werkwoord, bv. indikatief (aantonende wys), imperatief (gebiedende wys) en konjunktief (aanvoegende wys). Dit was verskillende maniere om die werkwoord te vervoeg. Dink maar aan Latyn en Grieks. In Latyn bv. kry ons van die werkwoord **audio** (= ek hoor) die volgende vorme:

| **Indikatief** | **Konjunktief** |
|---|---|
| audio — *ek hoor* | Audiam — *ek mag hoor* (*laat my hoor*) |
| audis — *jy hoor* | audias — *jy mag hoor* (*laat jou hoor*) |
| audit — *hy, sy hoor* | audiat — *hy, sy mag hoor* (*laat hom, haar hoor*) |
| audimus — *ons hoor* | audiamus — *ons mag hoor* (*laat ons hoor*) |
| auditis — *julle hoor* | audiatis — *mag julle hoor* (*laat julle hoor*) |
| audiunt — *hulle hoor* | audiant — *hulle mag hoor* (*laat hulle hoor*) |

**Imperatief**
Enkelvoud: audi — *hoor* (*jy*)
Meervoud: audite — *hoor* (*julle*)

Die wyses is vroeër gebruik om die verhouding van die spreker teenoor die waarheid van die handeling uit te druk. Die indikatief bv. het 'n bewering, 'n beaming van die werklikheid uitgedruk. Die imperatief het te kenne gegee dat die spreker verlang dat iets moet plaasvind, m.a.w. 'n bevel. Die konjunktief het vroeër verskillende dinge uitgedruk soos 'n wens, onsekerheid, die nie-plaasvind van 'n handeling, ens., m.a.w. dit het handelinge of toestande voorgestel as moontlik, onmoontlik, waarskynlik, noodsaaklik; as 'n belofte, 'n voorneme, 'n verwagting, 'n verpligting, 'n gerug, 'n skyn, ens. Soos ons alreeds aangetoon het, is daar in Afrikaans maar net 'n paar reste van oor.

In Afrikaans het al hierdie wyses grotendeels weggeval, maar daar bestaan wel ander middele om dieselfde begrippe uit te druk.

Uit die voorafgaande kan ons nou 'n duideliker begrip van die woord **modaliteit** kry. Daaronder verstaan ons **die verskillende houdinge van die spreker teenoor die waarheid van die handeling.**

In Latyn (en Grieks) bv. was daar, soos ons reeds aangetoon het, aparte verbuigingsvorme van die werkwoord, maar behoudens 'n paar reste is daar geen aparte modus meer in Afrikaans nie; d.w.s. afgesien van 'n paar geykte uitdrukkings (soos bv. U wil **geskiede**; as 't **ware**; dit **sy so**) word daar in Afrikaans geen modaliteitsverskille deur vervoeging van die werkwoord uitgedruk nie. Dit beteken egter nie dat Afrikaans nie modaliteit kan uitdruk nie. Soos ons later sal sien, is daar verskeie middele om dit te doen.

Ons het hierbo gesê dat 'n spreker sekere houdinge kan inneem ten opsigte van die waarheid van die handeling. Wat is hulle?

Daar is drie hoofindelings:

(a) Die spreker kan die waarheid van die handeling vermeld, bevestig of ontken, bv.

Jan het die fiets skoongemaak.
Jan het die fiets nie skoongemaak nie.

(b) Hy kan die waarheid van die handeling voorstel as onseker, moontlik, twyfelagtig, ens., of as 'n wens, bevel, versoek, ens., bv.

Dalk het Jan die fiets skoongemaak.
Maak skoon die fiets!
Sal jy die fiets skoonmaak?

(c) Hy kan die waarheid van die handeling indirek ontken, bv.
Het ek maar die fiets skoongemaak!
Was ek maar daar!

Volgens die modaliteit of manier van voorstelling kan ons dus die volgende drie hoofde onderskei:

I. **Die spreker beweer iets, m.a.w. hy beaam of ontken die waarheid van die handeling of toestand** (d.i. van die feit wat gekonstateer word.)

As die spreker seker is van die feit wat hy meedeel, m.a.w. as hy die waarheid daarvan beaam, noem ons dit 'n **realiteitsbeaming.** Watter middele gebruik die spreker daartoe? Ons kan die volgende aantoon:

(i) Daar is **'n bepaalde woordorde,** bv.
Jan het die fiets skoongemaak.
Die boer ploeg sy lande.

Vergelyk hierdie twee sinne met „Het Jan sy fiets skoongemaak?" en „Ploeg die boer sy lande?" Laasgenoemde, merk ons, is nie meer bewerings nie — daar word nie meer 'n feit gekonstateer nie.

(ii) Daar is **'n bepaalde stemtoon:**
In „Jan het die fiets skoongemaak" daal die stemtoon gewoonlik na die einde van die sin; maar in „Het Jan die fiets skoongemaak?" styg dit gewoonlik na die einde van die sin.

(iii) Daar kan **'n bepaalde aksent of klem** wees:
As ek sê „Jan **het** die fiets skoongemaak", met die klem op „hèt", dan word die sekerheid van die bewering versterk.

(iv) Sekere bywoorde, d.w.s. **modale bywoorde,** kan gebruik word om die werklikheid (waarheid) van die feit te versterk, bv.
Jan het die fiets **werklik (eerlikwaar, so waar, ongetwyfeld, regtig, sekerlik, sonder twyfel, onteenseglik, verseker,** ens.) skoongemaak.

(v) Sekere werkwoorde, d.w.s. **modale werkwoorde,** kan gebruik word, bv.

Ek **weet (verseker** jou; **glo; is seker; sê** jou, ens.) dat Jan die fiets skoongemaak het.

(vi) Die **teenwoordige tyd** word dikwels gebruik. Die beaming van die waarheid (werklikheid) word dikwels in die teenwoordige tyd gestel, omdat hierdie tyd 'n groter stelligheid uitdruk. „Vergelyk bv. „Jan maak die fiets skoon" met „Jan sal die fiets skoonmaak".

(vii) **Gebare** word soms gebruik om die waarheid van 'n mededeling te bevestig. As ek sê: „Jan **het** die fiets skoongemaak" (met die klem op „het"), en ek gee die naaste voorwerp gelyktydig 'n vuisslag, is my mededeling baie meer bevestigend. Dieselfde gebeur as ek sê: „Ek foeter jou nou!" en ek wys my gebalde vuis gelyktydig in jou rigting. Of as ek sê: „Jy is 'n skelm," en ek klop met my voorvinger op jou bors.

## II. Die spreker is nie seker van die waarheid van die handeling of toestand nie.

As die spreker nie die waarheid van die feit wat hy konstateer, beaam nie, maar die feit slegs as moontlik, waarskynlik, noodsaaklik, twyfelagtig, as 'n belofte, voorneme, verwagting, skyn, verpligting, ens. voorstel, dan noem ons dit 'n **potensialiteitsbeaming.** Daar kan verskillende grade van hierdie onsekerheid voorgestel word. Dit kan wissel van 'n onmoontlikheid tot feitlik 'n sekerheid. Wat die onsekerheid van die spreker teenoor die waarheid van die handeling of toestand betref, kan ons die volgende skakeringe aantoon. Die gedagte kan voorgestel word as:

(a) **'n moontlikheid of onmoontlikheid,** bv.

Jan kan vanaand nog terugkom.
Moontlik kom Jan vanaand nog terug.
Jan kan (on)moontlik vanaand nog kom.

(b) **'n waarskynlikheid of onwaarskynlikheid,** bv.

Waarskynlik kom Jan vanaand nog terug. Dis so te sê seker dat Jan terugkom. Hy sal wel vanaand kom. Hy sal seker tog wel kom. Die trein moet nou al

daar wees. Hy kom more, dink ek (vir sover ek ek weet).

Ek glo nie Jan kom terug nie. Ek kan my nie voorstel dat Jan terug sal kom nie.

(c) **twyfelagtig**, bv.

Dis twyfelagtig of Jan vanaand nog sal kom. Ek twyfel nogal sterk daaraan of Jan vanaand sal kom. Dis te betwyfel of Jan vanaand nog sal kom.

(d) **'n wens, hoop, verlange of begeerte**, bv.

Ek wens (hoop) Jan kom vanaand. Mag Jan tog maar vanaand kom! As Jan tog maar vanaand nog kom. Ek wil dit graag van jou hê. Ek sou dit graag wil doen. Was ek maar daar! Had ek maar geluister! Nou ja, bly maar lekker! Dit gaan jou goed!

Ook ou vorme van die konjunktief, bv.

Lank **lewe** die koning! Dit **sy** so!

(e) **'n begeerte, versoek of bevel**, bv.

Maak skoon die skoene! Ek versoek (beveel, gebied) jou om die fiets skoon te maak. Maak tog maar die fiets skoon! Sal jy asseblief die skoene skoonmaak? Jy sal dit doen, hoor jy! Toe jong, aanstoot, aanstoot! En nou, gou eers jou gesig was, hoor! Hy mág nie kom nie. Ek wil beter werk hê. Ek sál dit probeer. Kom ons loop!

Ook gewone vrae en leemtevrae as onderafdeling: (leemtevrae = vrae wat die spreker stel om die leemte in sy kennis aan te vul.)

{ Sou hy die werk al gedoen het?
  Het hy die fiets regtig skoongemaak?

{ Hoe laat is dit?
  Is die twee al vort?
  Wanneer gaan jy weer Durban toe?
  Hoe lank woon jy al op die dorp?

(f) **'n skyn**, bv.

Hy lyk (skyn) 'n goeie kêrel te wees. Die verhaal is skynbaar versin. Jan moet wel 'n snaakse vent wees. Na die skyn te oordeel, moet hy ryk wees. Na wat die mense sê (Volgens algemene oordeel), moet hy 'n eienaardige tipe wees.

(g) **'n voorwaarde of veronderstelling,** bv.

Onder sulke moeilike omstandighede sal ek niks kan doen nie. Reën dit, dan gaan ek nie saam nie. (Die rivier nog vol? Dan ry ons nie deur nie). As jy my vra, dan sal ek jou help.

(h) **'n toegewing,** bv.

Al reën dit, kom ons nogtans. Hoe ryk hy ook mag wees, vrygewig is hy nie. Gaan hy nie, dan gaan ek wel. Laat hom so sterk wees as hy wil, hierdie klip tel hy nie op nie.

Wat is die modale middele om so 'n potensialiteitsbeaming (m.a.w. onsekerheid) uit te druk? Ons kan die volgende aantoon:

(i) Daar kan 'n bepaalde **woordorde** wees, bv.

Het hy die werk gedoen?
Sou Jan die pos gaan haal het?

Vergelyk bostaande sinne met die realiteitsbeaming Hy het die werk gedoen.

(ii) Daar kan 'n bepaalde **stemtoon** wees, bv.

Het hy die werk gedoen?

In hierdie soort sin styg die stemtoon **dikwels**, in teenstelling met bewerende sinne, na die einde van die vraagsin.

(iii) **Modale bywoorde** kan gebruik word, bv.

**Dalk** kom hy more terug.
Piet het **waarskynlik** die fiets verkoop.
Dis **mos** waar.
Dis **glo** nie waar nie.
Bly **tog maar** stil.
Hy maak **kamma** of hy siek is.
Sy is **darem** 'n flukse dogter, ens.

(iv) **Modale werkwoorde,** bv.

Ek **dink, twyfel, vrees, vermoed, meen, veronderstel, verwag, wens, hoop,** ens. dat . . .

(v) **Modale hulpwerkwoorde,** bv.

Dit **sal** waarskynlik die beste wees.
Hy sal kwaad wees, dit **wil** ek hê!
Hy **moet** sat wees van al die werk.
**Mag** ek daardie dag belewe!

Dit **kan** wel gebeur.
**Laat** kom wat wil.
Hy **lyk** siek te wees.
Piet **skyn** bedroefd te wees.
Die man **blyk** gesond te wees.

(vi) **Die wyse van die werkwoord:**

Fleksievorme:

In Afrikaans bestaan daar nog net 'n paar geykte uitdrukkings om die konjunktief (aanvoegende wys) aan te toon, bv.

as 't **ware**; dit **sy** so, U wil **geskiede**; dit **ga** jou goed.

Die imperatief (gebiedende wys) druk ook 'n potensialiteitsbeaming uit:
Trap! Gee pad! Laat los!

(vii) **Gebare:**

'n Versoek bv. gaan soms gepaard met die optrek van die winkbroue; twyfel — met 'n skouerophaling of tuiting van die mond; moontlikheid — met 'n knik; 'n bevel — met 'n vuisslag, ens.

III. **Die spreker beweer op indirekte manier dat iets in stryd is met die werklikheid.**

Wat die nie-plaasvind van die handeling of ontkenning van die werklikheid betref, kan ons die volgende aantoon:

(a) Die spreker stel 'n voorwaarde wat nie vervul is nie, bv.

As ek van die vergadering geweet het, sou ek gekom het.

(b) Deur middel van ironie druk die spreker die teenoorgestelde uit van wat hy sê:

Ja, jy is mos 'n man wat altyd die waarheid praat! Knap gedaan, ou kêrel!

(c) Die spreker spreek 'n wens uit wat nie verwesenlik kan word nie:

Het ek tog maar geluister, dan sou ek nie nou in die moeilikheid gewees het nie. As dit vandag maar verlede Vrydag was!

Watter modale middele kan aangewend word om 'n onwerklikheid uit te druk? Ons kan die volgende aandui:

(i) **'n sekere stemtoon:**

Dit is duidelikste waarneembaar by ironiese sinne, bv.

Dis dapper van jou! (as iemand 'n lafhartige daad verrig)

(ii) **Gebare:**

Dink maar aan die ironiese glimlag of uitdrukking van ontevredenheid op iemand se gesig as hy hom van 'n ironiese sin bedien.

(iii) **Modale bywoorde,** bv.

Hy was **konsuis** siek, sê hy.
Dis **kamtig** sy beste skrif.

Opsommenderwys kan ons sê: ons beskik oor die volgende middele om modaliteit aan te dui:

(a) woordorde (b) stemtoon (c) klem (d) modale bywoorde (e) modale werkwoorde (f) die tye van die werkwoord (g) gebare (h) modale hulpwerkwoorde (i) die wyses van die werkwoord.

Die gebruik van hierdie middele is onder die verskeie hoofde aangetoon.

## 5. TYD

### I. Die vorme van die werkwoord in Afrikaans.

Die volgende vorme kan in die bedrywende vorm, indikatief, onderskei word:

(a) **Teenwoordige Tyd,** bv.

Ek spring

**Let op:**

Die volgende vorme word ook gebruik om aan te toon dat die handeling op 'n sekere tydstip nog aan die gang is:

Ek is aan die spring
Ek is aan 't spring

Ek is aan spring
Ek is besig om te spring
Ek is besig met spring

(b) **Verlede Tyd,** bv.
Ek het gespring

**Let op:**
Die volgende vorme word ook gebruik om aan te dui dat die handeling op 'n sekere tydstip aan die gang was:

Ek was aan die spring.
Ek was aan 't spring.
Ek was aan spring.
Ek was besig om te spring.
Ek was besig met spring.

(c) **Onvoltooide Toekomende Tyd,** bv.
Ek sal spring

(d) **Voltooide Toekomende Tyd,** bv.
Ek sal gespring het

(e) **Onvoltooide Verlede Toekomende Tyd,** bv.
Hy het belowe dat hy **sou spring**

(f) **Voltooide Verlede Toekomende Tyd,** bv.
Volgens wat hy my vertel, **sou** hy gister agtien voet **gespring het** (*hy het gespring*).

**Let op:**
Die hulpwerkwoord **sou** (verlede tyd van „sal") het maar **een** vorm, maar ons kan verskillende betekenisse onderskei in verbindinge soos **sou + die infinitief** (bv. sou spring) en **sou + verlede deelwoord + het** (bv. sou gespring het).

In die bostaande voorbeelde word 'n tyd aangedui, hoewel die idee van onsekerheid ook aanwesig is. In ander gevalle kom die idee van onsekerheid of nieplaasvind van die handeling sterker uit. In sulke gevalle sou dit miskien beter wees om van 'n konjunktiewe betekenis te praat, bv.

Ek **sou** geen beswaar **maak** as jy dit moes doen nie (*onseker*).
As hy aan my gevat het, **sou** ek hom **geslaan het** (*dit het nie gebeur nie*).